

## **BELEID OOR DIE GENERERING, HERSIENING EN GOEDKEURING VAN BELEIDE, GRONDWETTE, REËLS EN PROSEDURES**

<b>Lêerplannommer</b>	2P_2.1.3
<b>Verantwoordelike uitvoerende bestuurder</b>	Registrateur
<b>Beleidseienaar</b>	Registrateur
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Korporatiewe en Inligtingbestuursdienste
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	NWU Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	16 November 2023
<b>Datum van wysigings</b>	
<b>Hersieningsdatum</b>	2026

# BELEID OOR DIE GENERERING, HERSIENING EN GOEDKEURING VAN BELEIDE, GRONDWETTE, REËLS EN PROSEDURES

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 16 November 2023 aanvaar.

## 1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met -

- 1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 die Statuut van die NWU ("die Statuut")

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken –

**"n grondwet"** 'n grondwet soos bepaal deur die Raad en soos uiteengesit in die Statuut, insluitend die VSR-grondwet en die Grondwet van die Konvokasie;

**"n beleid van die Noordwes-Universiteit"** 'n dokument soos goedgekeur deur die Raad waarbinne 'n raamwerk voorgeskryf word waarbinne 'n bepaalde komponent, aspek of funksie van die Universiteit beheer, bestuur en geadministreer word en wat bindend is vir alle entiteite, liggame, funksionariese, werknemers en studente op wie sodanige beleid van toepassing is; dit sluit reëls en prosedures in wat in 'n beleid uiteengesit is;

**"eienaar van 'n beleid, reël of prosedure"** 'n lid van die Universiteitsbestuurskomitee (UBK) aan wie die verantwoordelikheid opgedra word om die formulering, implementering, monitering en gereelde hersiening van 'n spesifieke beleid, reël of prosedure(s) te inisieer;

**"eienaar van 'n grondwet"** 'n liggaam, komitee of struktuur van die Universiteit aan wie die verantwoordelikheid opgedra word om die formulering, implementering, monitering en gereelde hersiening van 'n spesifieke grondwet te inisieer;

**"prosedure"** 'n prosedure wat bepaal of voorgeskryf is in 'n beleid of deur die korporatiewebestuur- en ander strukture van die Universiteit soos bedoel in Hoofstuk 2 van die Statuut, en ampsdraers van die Universiteit soos bedoel in Hoofstuk 3 van die Statuut;

**"reëls"** reëls soos bepaal deur die Raad en soos bedoel in artikel 32(1)(b) van die Wet op Hoër Onderwys in ooreenstemming met die bepalings van die Statuut, met inbegrip van prosedures en die grondwette wat deur die Raad aanvaar of goedgekeur is.

## 3 Beleidsverklaring

Die Raad van die Noordwes-Universiteit (die Raad) beskou 'n behoorlike proses en raamwerk vir die generering en goedkeuring van beleide, grondwette, reëls en prosedures as iets wat van kardinale belang is vir die doeltreffende en effektiewe bestuur, korporatiewe bestuur en administrasie van die Noordwes-Universiteit.

Dit is dus die beleid van die Noordwes-Universiteit dat alle beleide, grondwette, reëls en prosedures wat opgestel word na aanleiding van en ooreenkomstig die Statuut van die NWU ooreenkomstig die reëls soos vervat in hierdie beleid ontwikkel en hersien moet word vir goedkeuring deur die Raad.

## **4 Rolle, verantwoordelikhede en aanspreeklikhede**

### **4.1 Raad**

Die Raad maak reëls en bepaal universiteitsbeleide soos uiteengesit in paragraaf 8(1)(c) van die Statuut.

### **4.2 Senaat**

Die Senaat adviseer die Raad oor beleide en reëls soos bepaal deur die Wet op Hoër Onderwys en met betrekking tot alle akademiese aangeleenthede soos uiteengesit in 15(1)(b) van die Statuut.

### **4.3 UBK**

Die UBK moet toesien dat 'n gestandaardiseerde en belynde proses regoor die NWU geïmplementeer word vir die opstel, hersiening en oorlegpleging m.b.t. alle beleide en reëls voordat dit deur die betrokke korporatiewebestuurstrukture oorweeg word.

### **4.4 Registrateur**

Die registrateur moet –

- 4.4.1 toesig hou oor die bestuur van alle beleide, en
- 4.4.2 'n beleidsbestuursprogram implementeer en moniteer.

### **4.5 Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste (KIBD)**

KIBD moet –

- 4.5.1 die prosesse vir die formulering en hersiening van beleide, grondwette, reëls en prosedures bestuur;
- 4.5.2 standaardbedryfsprosedure ontwikkel en handhaaf soos uiteengesit in hierdie beleid, en
- 4.5.3 nakoming van die tydlyne verseker en terugvoer verskaf soos bepaal in die standaardbedryfsprosedure wat verband hou met die goedkeuring en hersiening van beleide, grondwette, reëls en prosedures.

## **5 Reëls**

### **5.1 Reëls vir die formulering van beleide, grondwette, reëls en prosedures**

- 5.1.1 Wanneer die eenaar van 'n beleid, reëls, prosedures of grondwet bepaal dat 'n nuwe beleid, nuwe reëls, prosedures of 'n grondwet ontwikkel moet word, moet die eenaar die beleid, reëls, prosedures of grondwet by KIBD registreer.
- 5.1.2 Die eenaar van 'n nuwe beleid, nuwe reëls, prosedures of 'n grondwet moet toesien dat dit gegeneer word aan die hand van die toepaslike standaardbedryfsprosedure.

### **5.2 Reëls vir die hersiening van beleide, grondwette, reëls en prosedures**

- 5.2.1 Enige beleid, grondwet, reël en prosedure kan te eniger tyd deeglik hersien word, maar moet minstens elke drie tot vyf jaar deeglik hersien word, en vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.
- 5.2.2 Enige beleid wat verby die sperdatum vir hersiening is, sal as geldig beskou word totdat die beleidshersieningsproses voltooi is of totdat die beleid deur die Raad herroep word.
- 5.2.3 Wanneer 'n bestaande beleid, grondwet, reël of prosedure hersien word, moet die eenaar alle vorige en verwante beleide, grondwette, reëls, prosedures en riglyne in berekening bring, en indien dit ook gewysig of vervang moet word, moet sodanige wysigings en vervangings duidelik gespesifiseer word.

- 5.2.4 Wanneer 'n bestaande beleid, grondwet, reël of prosedure hersien word, moet die eienaar alle vorige en verwante beleide, grondwette, reëls, prosedures en riglyne in berekening bring, en indien dit ook gewysig of vervang moet word, moet sodanige wysigings en vervangings duidelik gespesifiseer word.
- 5.2.5 'n Eienaar moet toesien dat die beleid, grondwet, reëls of prosedure hersien word soos bedoel in die standaardbedryfsprosedure vir die hersiening van NWU-beleide, -grondwette, -reëls en -prosedures.

### **5.3 Reëls vir die oorlegpleging m.b.t. en goedkeuring van nuwe en hersiene beleide, grondwette, reëls en prosedures**

'n Beleideienaar moet toesien dat 'n nuwe of wesenlik gewysigde beleid, grondwet, reëls, of prosedure gekonsulteer en goedgekeur word soos bedoel in die standaardbedryfsprosedure vir die hersiening van NWU-beleide, -grondwette, -reëls en -prosedures.

### **5.4 Reëls vir die formaat van beleide, grondwette, reëls en prosedures**

- 5.4.1 Konsepbeleide, -grondwette, -reëls en -prosedures moet in Engels aan die Raad voorgelê word vir oorweging en goedkeuring.
- 5.4.2 Die formaat waarin beleide, grondwette, reëls en prosedures ontwikkel, hersien en gepubliseer word, moet gestandaardiseer word, wat slegs variasie toelaat waar dit deur die aard van elke beleid, grondwet, reëls en prosedures vereis word.

### **5.5 Reëls vir die publikasie van beleide, grondwette, reëls en prosedures**

- 5.5.1 Alle beleide, grondwette, reëls en grondwette wat deur die Raad goedgekeur word, moet deur KIBD op die internet gepubliseer word, onder die aandag van alle lede van die korporatiewebestuurstrukture en ampsdraers van die Universiteit gebring word, en toeganklik gemaak word aan alle belangstellendes.
- 5.5.2 Vertalings van alle beleide, grondwette, reëls en prosedures moet deur KIBD in ooreenstemming met die NWU se Taalbeleid gedoen word.
- 5.5.3. Alle reëls moet deur die eienaar op alle relevante platforms gepubliseer word en by die NWU se Argief ingedien word.
- 5.5.4 Alle prosedures moet deur die eienaar op alle relevante platforms gepubliseer word en by die NWU se Argief ingedien word.

Original details: (11664754) P:\Policies\2022\2P\_2.1.3\Policy on the Generation and Approval of Rules, Policies and Procedures.docm  
20 November 2023

File reference: 2P\_2.1.3